HOE OM NUUT

Ons almal maak soms foute, maar as gelowige hoef jy nie vir ewig met daardie fout saam te leef nie. Verandering gebeur egter nie eensklaps nie ... vra maar vir Christi Panagiotopoulos.

Die keerpunte in Christi se lewe wat haar blink gepoleer en geskaaf het was ...

1 toe ek besef het wat ware liefde is

"My grootste liefdesteleurstelling het my beste liefdeservaring geword," vertel Christi. Sy het George (die aantreklike sepiester met wie sy getroud is) in drama-klas ontmoet. Hulle het albei uit verbrokkelde verhoudings gekom en hy moes haar leer om weer 'n man te vertrou en hy het haar weer sekuriteit gegee. Al is hulle huwelik *great* moes hulle ook hard daarvoor baklei.

Vroeër het Christi gedink: "Liefde is net 'n romantiese idee."

Vandag weet Christi: "Ware liefde is toegeeflikheid, harde werk, volwasse kommunikasie en absoluut die moeite werd!"

2 toe ek modelwerk gelos het

"Wat sleg is terwyl jy modelwerk

doen, is dat jy nie waardeer wat jy het nie. Daar is altyd mooier en maerder meisies wat jou sleg oor jouself laat voel ... Dit het my lank geneem om te besef daar is ander goed wat my *great* maak."

Vroeër het Christi gedink: "As ek goed lyk, gaan ek beloon word."

Vandag weet Christi: "Ek is nou meer bewus van mense om my en om die regte ding te doen. Dit wat ek doen, het effek op ander mense."

3 toe ek liefdadigheidswerk begin doen het

"Ek is geleer dat 'n mens tien persent moet gee. Maar dan is dit 'n spesifieke bedrag en 'n mens voel so half geforseer. En ek het gedink ek het te min geld om tien persent te kan gee. Maar dit is ongelooflik wat gebeur as 'n mens daardie stap neem – die geld kom driedubbeld terug."

Vroeër het Christi gedink: "As ek R5 vir die ou by die motor gee, is dit my bydrae."

Vandag weet Christi: "Liefdadigheidswerk is soos 'n piramideskema wat werk, jy kry heeltyd iets terug."

4 toe ek verstaan het wat geloof beteken

"Geloof is in die klein dingetjies om jou wat jy net moet raaksien," glo Christi. Soos toe sy haar kosbare verlore trouring na gebed met 'n wonderwerk uit die wasmasjien gehaal het. En om party dinge anders te doen – soos om op te hou saamslaap vir twee jaar voor hulle getroud is om die Here se seën oor hulle te kan vra.

Vroeër het Christi gedink: "Christenskap is nie cool nie."

Vandag weet Christi: "Jy kán jouself geniet, al is jy 'n Christen. Ek en Nico geniet ons lewe voluit en hou niks terug nie!"

Annelize de Klerk-Steyn